

# Leer jou idiomme met dié bordspeletjie



Weet jy wat beteken “**Gods water oor Gods akker laat loop**”  
of

**“in die land van die blindes is eenoo koning”?**

Indien nie, is daar nou 'n maklike en prettige manier om jou idioomkennis op te skerp.

Die ATKV-tak Prieska het onder leiding van Esmé du Toit, 'n onderwyseres by die Hoërskool Prieska, 'n idiomme-bordspeletjie ontwikkel wat jonk en oud kan geniet.

## Meer bek as binnegoed!

is 'n interaktiewe bordspeletjie waarin spelers kaartjies moet trek en aan die hand van leidrade die idiomme moet raai.

Volgens Esmé het sy twee jaar aan die speletjie gewerk.

“Kinders sukkel ongelooflik om idiomme te onthou en as 'n juffrou het ek na kreatiewe maniere gekyk om kinders se idioomkennis uit te brei.”

Sy het saam met haar leerders gesit en idiomme en prentjies van die bordspel ontwikkel.

Die doelwit van die speletjie is om 'n hulpmiddel vir onderwysers in die klaskamer te wees. Dit kan deur kinders van alle ouderdomme sowel as ouers en onderwysers gespeel word, sê Esmé.

“Ek hoop dit sal kinders se woordeskat en taalvaardighede verbeter.”

Vir meer inligting kontak jou ATKV-streeksbestuurder of stuur e-pos na [merciae@atkv.org.za](mailto:merciae@atkv.org.za)

## BESTEL NOU!

Aantal bordspeletjies  
@R280 (sluit BTW en posgeld in) elk =

Naam:

Van:

Adres:

E-posadres:

Selfoonnommer:

Keuse van versending:  
(merk u keuse met 'n kruisie)

Postnet na Postnet:      PEP na PEP:

### Bankbesonderhede

ABSA Bank

Takkode: 632005

Rekeningnr.: 170 166 728

Tjekrekening

Verwysing: Jou naam en bordspel

Stuur u bestelvorm en bewys van betaling na [merciae@atkv.org.za](mailto:merciae@atkv.org.za)

